

9 September

**Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 14

### **Die gevolge van die sondeval**

Paulus wys in ons Skrifgedeelte hoe skrikwekkend die gevolge van die sondeval eintlik is. Soos 'n virus dring die sonde alles wat goed is binne en verander dit in iets slegs. Hy gebruik God se wet as voorbeeld: Die wet het 'n goeie doel. Dit wil ons in die regte verhouding met God laat leef. Dán eers is 'n mens mos vry; as jy leef soos God dit vir jou bedoel het om te leef! Die sonde kom egter en verslaaf 'n mens aan aanhoudende oortreding van die wet. So gebeur dit dat die gebooi wat vir ons vryheid en lewe moes bring nou verslawing en dood bring (vers 10)!

Die ergste vir Paulus is dat hierdie omkeer van goeie bedoelings ook in sy eie lewe afspeel. Paulus openbaar die diep hartseer en stryd van sy eie binnekantlewe: Hoe kan dit wees dat ek die goeie wil bereik, maar elke keer by die kwade uitkom? So is dit ná die sondeval met elke mens. Met sy "Ek, ellendige mens!" verwoord Paulus in vers 24 baie gelowiges oor baie eeue se hartseer en frustrasie oor die sonde. Selfs 'n veteraan-Christen soos Paulus raak wanhopig. Miskien troos dit 'n bietjie as jy besef dat jy nie die enigste gelowige is wat stryd in die lewe ervaar nie.

Die troos lê egter nie in die gedeelde lot nie, maar in die gedeelde uitkoms! As jy jou met Paulus se "Ek, ellendige mens!" kan identifiseer, volg hom dan ook verder as hy vasgryp aan die verlossing wat Jesus Christus gebring het. Hy verlos ons van 'n bestaan waar alles verkeerd gaan en alles op die dood uitloop (vers 24). In sy oorwinning lê die teenvirusprogram vir elke sonde.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~